Huisbesoektema: 1ste Kwartaal

Oorsig oor tema:

1. Inleiding

Die Gereformeerde Kerk Bellville-Oos het ‘n besondere roeping van die Here ontvang. ‘n Gedeelte daarvan is vasgevang in die twee gedenkplate / hoekstene in die voorportaal van ons kerkgebou. Op beide die gedenkplate is daar ‘n aanhaling uit Openbaring 22:17 “**Laat hom wat dors het, kom**” en “**die water van die lewe is verniet**.” Ons wil graag in die komende jare weer nuut kyk na ons gemeente se gehoorsaamheid aan die beginsels van hierdie gedeeltes.
Ons vat dit saam in die tema: **Strome lewende water**. Hierdie tema is geformuleer uit Johannes 7:38 en dui op die gevolge van wanneer iemand werklik sy geestelike dors by Jesus Christus kom les.
Uit hierdie Skrifgedeelte het ons ook drie aktiwiteite geïdentifiseer wat te doen het met die water van die lewe: **Kom, Drink en Vloei**.

2. Oorsig oor die aktiwiteit van KOM wat in 2010 behandel is

In 2010 het ons veral aandag gegee aan “**Kom**” wat die volgende ingesluit het:
Kwartaal 1: Ons het begin met “selfondersoek of ons Geesvervuld ‘n stroom lewende water is”. Dit is gedoen aan die hand van Esegiël 47: Sy visioen van lewende water wat uit die tempel begin vloei en ‘n sterk stroom word en in die dooie see inloop om dit lewend te maak. Waar staan ons?
Kwartaal 2: “Die ware kerk is n ‘Kom sê kerk’”. In hierdie kwartaal het ons nagedink oor hoe ons vreemdelinge, soekendes en nuwe lidmate ontvang en versorg. Is ons **KOM-GELOWIGES** en ‘n **KOM-GEMEENTE**?
Kwartaal 3: “Jesus se oproep: Kom na my toe”
Kwartaal 4: “Kom met verwagting”. Ons gesels oor verwagtinge en vrae gevra oor of ons na die Here kom met verwagting en of ons verwag dat daar iets sal wees om te DRINK as ons KOM. Ons het geleer dat ons kan staan op God se beloftes en dat Hy baie goeie dinge vir ons wil gee!

Hierdie jaar gaan ons DV meer aandag daaraan gee om strome Lewende water te **DRINK**.

3. Toe word ons dors

Is ons Dors?
Telkemale het die Israeliete in die woestyn vir periodes moes trek of bly sonder water, Hulle smagting na water het so intens geraak dat hul angstig geraak het en gevoel het hulle is besig om te sterf.

Hoekom drink ons water (Eks 17:3)?

_____

_____

_____

Hoekom drink ons Lewende water (Ps.1:3; Ps.42:3)?

_____

_____

_____

Wat doen water in ‘n mens se liggaam?

Mens se liggaam bestaan meestal uit water. Ongeveer 85% van ‘n mens se brein, 80% van jou bloed en 70% van jou spiere bestaan uit water.

- *1% tekort aan water in ons liggame veroorsaak dat ons dors raak*
- *5% tekort aan water veroorsaak ‘n ligte koors*
- *10% tekort aan water laat die tong swel, die niere begin versaking opdoen, en spiere kry spasmas*
- *Water speel ‘n kritieke rol in elke orgaan en funksie van ons liggame (elke sel, weefsel en orgaan het water nodig om behoorlik te funksioneer.)*

So ook kan ons nie Geestelik lewe sonder die Lewende water nie wat elke deel van ons geestelike bestaan voed. (Ps. 19:8 “Die woord van die Here is volmaak. Dit gee lewe.”).

- *Water vervoer noodsaaklike stowwe wat selle, weefsel en organe nodig het om na behore te funksioneer*

Die Lewende water dra God se liefde, genade, verlossing, vrede en nabyheid in ons harte wat ons so nodig bet om na behore te funksioneer.

- *Water help om die mens se liggaamstemperatuur te beheer, dit vervoer suurstof he/p om die liggaam skoon te maak van toksiese stowwe.*

So spoel die Lewende water ook ons lewens skoon van die gifstowwe waarmee die sonde ons besmet, en bring iets beter in die plek daarvan. Wanneer ons dit gretig drink, koel dit die kerklike liggaam af en hou ons gefokus.

- *Water help om mens se vel te bevogtig en dit gladder, sagter, soepel en plooivry te hou. Maar dit kom laaste by mens se vel uit - dus, as die liggaam nie genoeg water kry nie sal die vel die effek daarvan die meeste ervaar).*

As die “sterk” lidmate in die kerk nie genoeg drink nie, gaan die rand ouens die swaarste kry.

Ja, **water is lewensbelangrik vir lewe**! Ons kan dus redelik maklik verstaan hoekom die Israeliete so moedeloos gevoel het in die woestyn. Sonder water sou hul liggame se normale funksionering geaffekteer geraak het.

Gesels met mekaar oor die belangrikheid van die Lewende Water vir die liggaam van Christus / die Kerk. Wat sê die Israeliete se reaksie oor hul geestelike dors?

Die Strome Lewende water wat ons by God drink - seënstrome - is ‘n verhouding met God, nie net iets van God nie maar God self!

Kyk na Eks.17: 3c, 6: God voorsien genoeg water vir die volk. Dit beteken genoeg vir die hele volk met hul vee: 600,000 man, vrouens en kinders. Ongeveer 2 miljoen mense.

Hoeveel/ Hoe gereeld behoort ons te drink (Ps. 1 :2b)?

Hoeveel water het mens nodig?

- *Individuele behoeftes hang van baie faktore af, soos mens se oefenpatrone, gewig, ouderdom ens.*
- *'n Algemene riglyn wat gegee word is tussen 1.5 tot 2.5 liter water per dag.*
- *Drinkgoed met kafeïen (soos koffie, party koeldranke, ens.) dehidreer mens meer as wat dit hidreer omdat dit meer water neem om te prosesseer as wat dit vir die liggaam voorsien*
- *Meer as 90,000 mense sterf daagliks van dehidrasie*.

Hoe lyk iemand wat genoeg drink (Ps. 1:3 en Eseg. 47: 7, 12)? Kan jy mede-gelowiges rondom jou herken wat so lyk? En hoe lyk jy?

Wat gebeur as ons nie drink nie of nie genoeg van die Lewende water drink nie?

Wat is tipiese oorsake van fisiese dehidrasie wat ons oor die algemeen in ons lewens en omgewings mee te doen kry?

(Hitte; te veel oefening sonder vloeistof inname; Verskeie siektes vererger mens se kans op dehidrasie (bekendste is seker diaree, maaggriep, Cholera, rnasels of dikderm ontsteking).

In ons verhouding met die Here: wat is die tipiese oorsake wat veroorsaak dat ons weg gehou word van Lewende water drink en dat ons dehidreer?

(bv: 'gierigheid' ('te besig'), TV, Vriende, Omstandighede/Werks-omgewing, wêreld tendense, ens., rusie, verdeeldheid, onenigheid binne gesin/kerk.)

Hoe behandel ons geestelike dehidrasie? (hoe hidreer ons weer iemand)?

(Dit sal waarskynlik nie help vir geestelik gedehidreerde persoon om net die Bybel te lees en te bid nie. So 'n persoon sal ondersteuning nodig hê. "julle is die sout van die aarde!"

Hoe lank kan mens sonder water oorleef?

- *Verskeie faktore beïnvloed hoe lank mens kan oorleef sonder water, maar dis algemeen aanvaar dat mens binne 2 tot 3 dae sal sterf sonder water.*
- *Nodigheid om te drink word meer wanneer dit baie warm is - (Hitte) - ons het ervaar hoe ons amper outomaties meer drink tydens die hitte in die Kaap die afgelope ruk.*

Bespreek met mekaar watter dinge ons geestelike lewe warm maak (onder druk plaas) en hoe julle meer gereeld sou drink.

Watter troos kry ons uit 1 Kon.19: 3-8 vir tye wanneer ons nie voorbereid was nie, en voel om op te gee?

(Selfs wanneer ek te swak is, kom die Verbondsgod en gee Lewende water, Hy maak my bekwaam sodat die pad nie te lank word nie)

Hoe kan ons genoeg voorberei vir 'droogte tye'? Sou jy in staat wees om iemand wat 'n droogte in hul geestelike lewe beleef te bring na 'n plek waar hul dors geles kan word? Hoe en waar sal jy dit doen?

Selfondersoek en Samevatting

- Is ek bewus van my dors na die Lewende Water?
- Drink ek Genoeg van die Lewende Water?
- Wie ken ek wat dors na die Here sodat ek vir hom of haar kan bid, maar ook kan bid dat God my sal gebruik om te wys waar die Lewende water gekry kan word?

Kom ons drink gretig, met oorgawe, en met dankbaarheid van die Lewende Water vir 'n Lewende Verhouding met God!

*Inligting gekry by http://en.wikipedia.org/wiki/Dehydration ;
http://www.healthline.com/galecontent/dehydration

= = = =